DIE BYBEL in 'n neutedop

1 & 2 Samuel

—deur Peter Hammond

Leiers van Israel

- Van 2 000 tot 1 500 v. C. is Israel deur PATRIARGE gelei
- Van 1 500 tot 1 000 v. C. is hulle deur PROFETE gelei
- Van 1 000 tot 500 v. C. is hulle deur PRINSE (of konings) gelei
- In die 500 jaar wat Christus se koms vooraf gegaan het, is hulle deur PRIESTERS gelei

Hoofkarakters

Die Eerste Boek van Samuel begin met:

- Hanna, die angstige vrou, desperaat om 'n kind te hê
- Eli, die sieklike hoëpriester
- Israel, die arrogante weermag, en
- Saul, die gesalfde koning

Die hoofkarakters in die Eerste Boek van Samuel is: Samuel: die laaste rigter; Saul: die eerste koning; Dawid: die beste koning van Israel; en Jonatan: die avontuurlike seun van koning Saul.

Samuel, die profeet, het God se oordeel oor Saul uitgespreek en Dawid as die toekomstige koning gesalf. Dawid – die standvastige herder, die bekwame musikant, die voortreflike krygsman, die verdagte howeling, die voëlvryverklaarde, en die soldaat in ballingskap.

Vanaf 'n jong ouderdom was Samuel regverdig voor God en het die Here hom gebruik om sonde in ander bloot te lê en hulle tot inkeer te bring.

'n Oorgangstydperk

Die koninklike geskiedenis van Israel begin met die boek Samuel. Die lang regeringstydperk van die rigters eindig met Samuel. 1 Samuel lei die 500-jaar tydperk van die konings in.

Samuel, die laaste van die rigters, was God se antwoord op al die opregte gebede van Samuel se moeder, Hanna. Ontvang uit die Here se hand, het sy Samuel aan die Here toegewy. Eli, 'n rigter en 'n hoëpriester, het Samuel opgelei.

Eli het Israel 40 jaar lank regeer. Hy was egter 'n vader wat te veel toegegee het en 'n bandelose priester, wat sy goddelose seuns, Hofni en Pinehas, wat ook sy priesters was, toegelaat het om op die onsedelikste en skandelikste wyse op te tree.

Die jong Samuel het 'n Woord van die Here ontvang wat 'n oordeel oor die huis van Eli uitgespreek het omdat hy versuim het om teen sy seuns en priesters op te tree wat hulle posisie deur onsedelikheid, oneerlikheid en godslastering misbruik het.

Rampspoed

Israel is deur die Filistyne binnegeval, hulle leër is verslaan, die Ark van die Verbond deur die Filistynse afgodedienaars in beslag geneem en in die tempel van Dagon geplaas, en Eli se seuns is gedood. Eli het van skok gesterf toe hy berig ontvang van al hierdie rampe.

Die Krag van God

Die volk van Israel het geleer dat hulle God nie kon manipuleer nie. Die Ark van God was 'n powere plaasvervanger vir die God van die Ark. Dit was nie dat God hulle verlaat het nie, maar dat hulle God verlaat het. Die Filistyne het ook spoedig uitgevind dat hulle afgode nie opgewasse was teen die God van Israel nie. Die groot afgod, Dagon, is in hulle eie tempel, op sy gesig, in stukke voor die Ark van die Verbond gevind. Toe God die Filistyne met 'n vreeslike plaag tref, het hulle die Ark aan Israel teruggegee.

Afgode vir verwoesting

Samuel, die profeet, het die Israeliete opgeroep tot berou en hulle afgode te vernietig. Daarna het hy hulle in 'n stryd teen die Filistyne uitgelei. Hierdie keer het die Israeliete die oorwinning behaal. Elke keer wanneer die Israeliete ongehoorsaam aan God was, is 'n vyand na hulle gestuur om hulle te verslaan. Wanneer hulle berou gehad en hulle afgode vernietig het, het God hulle in staat gestel om hulle vyande te verslaan.

Aangesien die Israeliete aangedring het op 'n koning sodat hulle ook soos die nasies rondom hulle kon wees, het God Samuel aangesê om die volk te waarsku oor die gevolge: 'n koning sou 'n paleis en 'n weermag wou hê, dus sou belasting en verpligte diensplig daarop volg. Toe die Israeliete volhard om aan te dring op 'n koning, het Samuel hulle die soort koning gegee wat hulle graag wou hê: 'n lang, aantreklike man, sterk en kragtig in die oorlogstryd.

Samuel het Saul as koning aangewys toe die Israeliete op 'n nuwe gesag aangedring het. Saul het hoogmoedig geword en God se Woord verwerp.

Saul

Saul het homself as 'n suksesvolle leier op die slagveld bewys deur die Filistyne, die Amalekiete en Ammoniete te verslaan. Nietemin, al het hy goed begin, het hy hoogmoedig en verwaand geword.

Saul het die skeiding tussen die rol van die koning en dié van die priester verbreek. Hy het hom dit aangematig om die offer by God se altaar te bring. Saul was ongehoorsaam toe hy beveel is om koning Agag en die Amalekiete te vernietig.

Verslegtende onderskeidingsvermoë

Saul se verhoudings het agteruitgegaan; eerstens met sy avontuurlike seun, wat hy tot die dood veroordeel het omdat Jonatan ongehoorsaam was aan 'n belaglike opdrag waarvan hy nie eens bewus was nie. Slegs die besliste optrede van sy leër het Saul daarvan weerhou om sy eie seun onregverdig tereg te stel.

Rampspoedige ongehoorsaamheid

Saul se verhouding met die profeet Samuel het ook dramaties agteruitgegaan. In reaksie op Saul se herhaaldelike ongehoorsaamheid aan die opdragte van »

DIE BYBEL
in 'n neutedop
1 & 2 Samuel

Om Goliat te verslaan

Dawid was die jongste van Jesse se agt seuns. Die verhaal van Dawid en Goliat is sekerlik een van die bekendstes in die Bybel. Goliat, afkomstig uit Gat, was 2,8 m lank. Sy spies se lem het 10 kg geweeg. Koning Saul en al sy soldate was ontsteld en verskrik. Net die jong Dawid, die skaapherder, was gewillig om in die vallei van die doodskadu af te daal en voor hierdie reus te staan te kom. Met geen borswering behalwe sy skaapwagtersjas nie, geen spies behalwe sy staf nie, geen swaard of boog behalwe sy slingervel nie, geen pyle in 'n koker behalwe vyf gladde klippe nie, het Dawid in die Naam van die Here gekom. Hy het sy vertroue in die Here gestel, soos Goliat sy vertroue in sy swaard en spies geplaas

1 Samuel fokus op die mens se keuse vir 'n koning – Saul. Saul het sy volk in nederlaag, verdeeldheid en in skande gelaat. 2 Samuel fokus op God se keuse vir 'n koning – Dawid.

die Here, het Samuel verklaar: "Gehoorsaamheid is beter as offerande…weerspannigheid is net so erg as die sonde van waarsêery; en eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery. Omdat jy die Woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp." 1 Sam 15:22-23. Die uitvoering van rituele is nie 'n plaasvervanger vir regverdigheid nie. Gehoorsaamheid is beter as enige godsdienstige sentiment.

Skandelike nederlaag

Koning Saul se houding teenoor die jong herder, Dawid, wat die reuse-Goliat met moed uitgedaag en oorwin het, het die laaste jare van koning Saul vergiftig. Saul het moreel en geestelik agteruitgegaan. Sy jaloesie en haat teenoor Dawid het Saul se laaste jare as koning verwring en hom kranksinnig gemaak.

Uiteindelik het koning Saul só laag gedaal dat hy 'n heks by Endor gaan opsoek en raadpleeg het. Op die ou einde het koning Saul in oneer en nederlaag gesterf deur op die slagveld, waar drie van sy seuns ook gesneuwel het, selfmoord te pleeg.

Dawid

Dawid is die veelsydigste karakter in die Bybel: 'n herder, 'n musikant, 'n soldaat, 'n Psalmdigter, 'n vlugteling en die vernaamste koning van Israel. Dawid is ook een van die vernaamste figure in die geskiedenis van die wêreld. Daar is meer plek afgestaan aan die karakter van Dawid as aan enige iemand anders in die Ou Testament. Hy word beskryf as " 'n man na Sy hart." 1 Sam 13:14. Hy was atleties, 'n begaafde musikant, en sy poëtiese vaardigheid was van die hoogste gehalte.

Die Psalms, die skatkis van Dawid, is die grootste boek van die Bybel, die middelste boek van die Bybel, die gebedsboek en gesangeboek van die Bybel. Ons Here Jesus Christus het meer uit die Psalms aangehaal as enige ander boek in die Bybel.

Dawid beeld ons roeping uit om deur Jesus Christus ons Here "meer as oorwinnaars" te wees.

Kontrasterende konings

Beide Saul en Dawid het as konings oor Israel regeer, altwee vir 40 jaar lank. Tog was Saul 'n mislukking en Dawid 'n sukses. Dit was nie dat Dawid volmaak was nie, maar hy het sy sonde en oortredings heelhartig teenoor die Here bely. Dawid het nederigheid, getrouheid, geduld en moed gedemonstreer. Hy het telkemale die lewe van sy teisteraar, Saul, gespaar en geweier om God se gesalfde koning te vermoor. Dawid het geweier om die reg in eie hande te neem. Hy het op God se tydsberekening vertrou. Dawid, 'n berouvolle sondaar, het glorieryke oorwinnings oor sy vyande behaal. Hy het van die beste aanbiddingsliedere nagelaat wat ooit in die geskiedenis gekomponeer is.

Ná Saul se dood het Dawid koning van Judea geword, en sewe jaar later, koning van die twaalf stamme van Israel. Hy het Jerusalem van die Jebusiete verower en het dit die nuwe hoofstad van die nasie Israel gemaak.

Dawid se handeling, om die Ark van God na Jerusalem te wou bring, dui op 'n begeerte om God die middelpunt van die politieke en kulturele lewe van die nasie te maak. Opregtheid is egter nie genoeg nie. Nie Dawid, of die priesters het God se spesifieke opdragte oor die vervoer van die Ark uitgevoer nie. As gevolg daarvan het Ussa dood neergeslaan omdat hy aan die Ark geraak het.

Hier leer ons dat dit nie is wat ons dink wat belangrik is nie, maar wat God sê. Die Ark moes nie op 'n ossewa vervoer word nie, maar op pale wat deur priesters gedra word.

Die gevaar van onaktiwiteit

Dawid het ook in sonde verval deur gedurende 'n tydperk toe ander konings gaan oorlog voer het, in Jerusalem agter te bly. Diegene wat arbeidsaam is, word soms versoek, maar alle versoekinge kom na dié wat ledig is. Al was Dawid se berou heelhartig en opreg (Psalm 51), bevestig die verskriklike episode van Dawid en Batseba die waarheid van Numeri 32:23: "Weet dan dat julle sonde julle sal uitvind." Die baba wat die gevolg van hulle owerspel was, het gesterf, Dawid se seun, Absalom, het verraderlik tweespalt gesaai en die nasie in 'n burgeroorlog gedompel, wat baie dood en verwoesting tot gevolg gehad het.

Dawid se handeling, om die Ark van God na Jerusalem te wou bring, dui op 'n begeerte om God die middelpunt van die politieke en kulturele lewe van die nasie te maak.

Ouerskap en persoonlike verantwoordelikheid

Die boeke van Samuel leer ons ook van die belang van ouerskap. Beide Eli en Samuel het versuim om hulle kinders voldoende te dissiplineer, met ernstige gevolge (1 Sam 8:3). Tog leer 'n mens ook van die verantwoordelikheid van individuele keuses. Hoewel Jonatan die seun van 'n slegte koning was (Saul), was hy 'n voorbeeldige soldaat en 'n vriend nader as 'n broer. Al was Absalom die seun van 'n goeie koning (Dawid), het hy selfsugtig en troueloos geword.

'n Goue era

Dawid het 'n enkele stam geneem, dit ontwikkel tot 'n gevestigde nasie, en uitgebrei tot 'n aansienlike koninkryk. Hoewel hy 'n verdeelde en chaotiese staat geërf het, het hy Israel verhef om die dominante militêre en politieke mag in westelike Asië te word.

Voorbereiding vir die tempel

Dawid het Jerusalem ingeneem en as die hoofstad van Israel gevestig. Hy het die Ark na Jerusalem gebring en al die nodige voorbereidings getref vir die bou van die tempel, wat sy seun, Salomo, later sou volvoer. Toe God 'n plaag gestuur het om die nasie te oordeel, het Dawid 'n dorsvloer gekoop om 'n altaar daar op te rig. Dit was op daardie einste plek dat sy seun, koning Salomo, later die tempel gebou het. ■

DR. PETER HAMMOND *is 'n sendeling en outeur. Vir meer inligting, skakel: 021 689 4480; www.frontline.org.za of e-pos mission@frontline.org.za*